BabaGim bou hartspadjie tussen pa en seun

Ingestuur deur Carien Vos

Sedert ek die eerste keer van BabaGim gehoor het, was ek baie nuuskierig en wou meer weet. Ek het die BabaGim Instrukteursopleiding voltooi en vreeslik baie geleer! Soos die opleiding gevorder het, kon ek al meer en meer die nuwe kennis toepas. Ek is self ‘n ma van twee woelwaters en ek was en is opgewonde oor die wete dat ek ‘n positiewe bydrae tot my kinders se lewens kan maak met my nuut gevonde kennis. Ek het sover as wat ek gegaan het my kennis met mammas gedeel en toe op ‘n dag selfs met ‘n pappa. Baba Dian het vinnig, baie diep in my hart in gekruip en ook my vooropgestelde idees van my BabaGimklassies uitgedaag. Ek moes my voorbereiding aanpas om in plaas van Dian se mamma aan te spreek, eerder vir Dian se pappa, Jaco, aan te spreek.

Dian is op 22 Desember 2009 gebore. Hy is ‘n blonde kop, blou oog seuntjie met ‘n sprankelende persoonlikheid. Sy mamma het natuurlik geboorte gegee en alles het glad verloop. Hulle was pas by die huis na die geboorte toe Dian se mamma siek geword het. Ciska, Dian se mamma, het geelsig (ook bekend as Hepatitis A) gekry en was daarom baie swak. Drie weke na klein Dian se geboorte is sy mamma onverwags oorlede. Nie as gevolg van die geelsug nie, maar as gevolg van ‘n bloedklont deur haar long.

Jaco moes inspring om as beide mamma en pappa vir Dian op te tree. Hy het sy werk bedank sodat hy sy volle aandag aan Dian, en sy ouer boetie Luan (2) kon gee. Dit is te verstane dat Luan deur ‘n baie moeilike tyd gegaan het en dus moes Jaco dikwels ook meer tyd aan Luan afstaan. Jaco is ‘n ongelooflike toegewyde pa en is selfloos as dit by sy kinders kom.

Jaco se skoonsuster het my in verband met BabaGim, vir Jaco en Dian, gekontak en ek het hul kort daarna gaan sien. Jaco se eerste vraag aan my was: “sal BabaGim vir ons help om ‘n sterk band te bou?” BabaGim kon nie op n beter tyd met Jaco en Dian gebeur het nie. Dian het die massering ontsettend baie geniet en pappa kon kwaliteit tyd met hom spandeer. Ons het gedans en gerol, ore gevryf en op die bal gehop. Ek het weekliks vir Jaco gewys op watter oulike maniere hy met Dian kan speel sodat hulle konstruktief tyd saam spandeer. ‘n Week nadat ons die BabaGimprogram voltooi het, het ek weer ‘n draai by Jaco gaan maak. Ek wou graag hoor wat sy ervaring van BabaGim was en of hul verhouding daarby gebaat het. Jaco se antwoord was:

“Dit is vir my lekker om te weet dat wanneer ek nou met Dian speel daar meer betekenis daarin lê, dat ek hom nie net besig hou nie, maar dat ons werklik besig is om ons verhouding as pa en seun te versterk.”

Ek is seker dat ander mammas saam met my sal stem wanneer ek se dat ons van dag een af bewus word van ons liefde vir ons ongebore babatjie. Die pappas het egter nie van dag een af hierdie voorreg nie en moet na babatjie se geboorte hard werk of eerder 'hard' speel om hierdie band te vorm en te versterk.

Ek glo dat BabaGim vir enige pa en seun van onskatbare waarde is!